

Health • Rural Development • Employment • Safety & Security • Education

Vuk'uzenzele

**JOBS
INSIDE:**

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

Augustus Uitgawe 1

South Africa's heroines



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews

Vuk'uzenzele

CONTACT US

Website: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za

E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:
1035 cnr Frances Baard and Festival streets Hatfield, Pretoria, 0083

FREE COPY NOT FOR SALE

Masakhane-stokvel bou huise

'n **GROEP VROUE** van die Oos-Kaap het bemagtiging deur eenheid gevind, in stede daarvan om vir jare te wag om geld te spaar wat benodig word om 'n huis te bou of om te probeer om 'n duur lening te bekom.



Silusapho Nyanda

Vroue is die pilare waarop 'n samelewing gebou word. Dit is die 28 lede van die Masakhe-stokvel vir Vroue se leuse, wat hulle hulpbronne saamgooi om, om die beurt, vir mekaar huise te bou.

Die stokvel se voorsitter, Ntombekhaya Nyama-Plati (43), sê dat die stokvel wat slegs vir vrouens is en in Gugulethu in Kaapstad geleë is, van stapel gestuur is om vrouens te bemagtig en om ekonomiese geleenthede vir hulle en hul gesinne te skep.

"Vroue kan die agente vir verandering in gemeenskappe wees, maar om agente vir verandering te word, moet hulle vra hoe hulle dinge in hulle buurte kan verander," sê Nyama-Plati.

Sy sê dat dit dié vraag is wat aanleiding tot die Masakhe-stokvel vir Vroue gegee het.

"Ek het gesien hoe werkloosheid my gemeenskap vernietig en hoe gesinne in klein huisies ingedruk is en het gewonder wat gedoen kon word," het Nyama-Plati aan Vuk'uzenzele vertel.

Nyama-Plati sê dat lede van hulle stokvel elk R2 500 per maand betaal. Die geld word gebruik om boumateriaal te koop en om 'n bouer te betaal om elke maand vir een van die lede 'n huis te bou.

Drie lede se huise is sedert die begin van die stokvel in April ten volle gebou en nog 'n huis is tans in aanbou.

Volgens Nyama-Plati was die stokvel se eerste begunstigde 'n vrou wie se huis nie voltooi is nie, omdat

“As vrouens as 'n eenheid saamwerk, kan hulle baie vermag.”

die gesin se enigste broodwinner oorlede is voordat die bouwerk voltooi is. Die ander twee huise wat gebou is, is agterplaaswonings.

Twee van die stokvel se lede beplan om hulle huise in landelike gebiede van die Oos-Kaap te laat bou.

"Ons bou nie net huise vir

gesinne sonder huise nie. Ons bou ook agterplaaswoonstelle, sodat mense dit moontlik vir ekstra inkomste kan uithuur," sê Nyama-Plati.

Begunstigde en sekretaris van Masakhe-stokvel vir vroue, Nobantu Malgas, sê dat die stokvel aan die gemeenskap hoop gebring het. Malgas, wat twee agterplaaswoonstelle gebou het, sê dat sy ook van haar toegewysde geld gebruik het om toerusting te koop om hoenders te teel.

Nyama-Plati sê dat 'n groep uit Oos-Londen hulle genooi het om aan hulle raad te gee oor hoe om 'n soortgelyke stokvel te begin.

Sy sê dat die stokvel, waarvan die jongste lid 26 is, vroue teiken omdat vroue dikwels ander lede van die samelewing bemagtig as

hulle bemagtig word.

"In ons demokrasie is daar geleenthede vir vroue, maar hulle is nie bewus van hulle krag nie. As vrouens as 'n eenheid saamwerk, kan hulle baie vermag," sê Nyama-Plati.

Sy voeg by dat sommige lede van die stokvel nou opleiding ontvang om bouers te word. Die dames gaan ook opleiding ontvang oor hoe om bakstene te maak.

Die groep het tydens 'n opleidingsessie deur PPC-sement meer oor die verskillende tipes sement geleer.

"Ons het nie geweet dat die sement wat vir bouwerk gebruik word, verskil van die sement wat vir pleisterwerk gebruik word nie."

Die stokvel het so gewild geword, dat daar nou 'n waglys is vir mense wat wil aansluit. **V**

Hulp vir vroulike entrepreneurs



Die regering bied 'n wye verskeidenheid hulp, van raad tot befondsing, aan vroue wat hulle eie besighede wil begin.

SEDA

Vroue se briljante besigheidsidees sien te dikwels nie die lig nie omdat hulle nie oor die inligting beskik wat benodig word om hulle droom te verwesenlik nie. Die Ontwikkelingsagentskap vir Klein Ondernemings (SEDA), 'n agentskap van die Departement van Handel en Nywerheid (DHN), het dit beseft en 'n boekie ontwikkel vir besighede wat deur vroue besit word, wat handel oor die ondersteuning, beide finansiële en nie-finansiële, wat aan vroue beskikbaar is. Die boekie dek verskeie onderwerpe, van hoe om jou onderneming te registreer en

die uitdagings wat vroulike entrepreneurs in die gesig staar, tot spesifieke inligting oor verskeie nywerheidssektore en hoe om befondsing te bekom. Besoek www.seda.org.za/Publications om die boekie te besigtig. 'n Belangrike beginpunt vir enige entrepreneur is om jou onderneming te registreer, om sodoende aan die wette wat besigheidsaktiwiteite in die land bestuur na te kom en daaraan te voldoen. Ondernemings moet by die Kommissie vir Maatskappye en Intellectuele Eiendom geregistreer word. www.cipc.co.za.

Bronne vir hulp

Daar is baie ander regeringsdepartemente en staatsondernemings wat hulp aan vroulike entrepreneurs in verskeie nywerheidssektore bied.

SEFA

Die Finansieringsagentskap vir Klein Ondernemings (SEFA) verskaf finansiële produkte en -dienste aan kwalifiserende klein, medium- en mikro-ondernemings (KMMO's) en koöperasies.

www.sefa.org.za.

Finfind

Finfind verbind KMO's wat finansiering benodig met toepaslike uitleners, verskaf inligting oor finansieringsopvoeding, hanteer vrae wat dikwels gevra word en help om algemene uitdagings op te los.

www.finfindeasy.co.za.

NOK

Die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK) se Isivande-fonds vir vroue verskaf bekostigbare, bruikbare en vatbare finansiering. Dit streef na ooreenkomste wat stigtingsbefondsing, ondernemingsuitbreiding, ondernemingsherstel, franchises en oorbruggingsfinansiering insluit.

www.idf.co.za.

NBF

Die Nasionale Bemagtigingsfonds se Bemagtigingsfonds vir Vroue versnel die verskaffing van befondsing aan besighede wat deur swart vroue besit word, terwyl die iMBewu-fonds swart entrepreneurs ondersteun wat nuwe besighede wil begin en bestaande besighede wat deur swart mense besit word,

met uitbreidingskapitaal ondersteun.

www.nefcorp.co.za.

Skema vir Swart Nyweraars

Die DHN se Skema vir Swart Nyweraars poog om die deelname van swart myweraars in die Suid-Afrikaanse ekonomie te versnel, terwyl die B'avumile-vaardighedsontwikkelingsinisiatief vroue bemagtiging deur die kapasiteitontwikkeling ondersteun, wat ten doel het om talent in die kuns-, handwerk-, tekstiel- en kleresektor, te identifiseer.

www.thedti.gov.za.

NYDA

Die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (NYDA) bied aan jong entrepreneurs die geleentheid om toegang tot finansiële en nie-finansiële steun vir ondernemingsontwikkeling te verkry. www.nyda.gov.za.

Landbou

Die DHN bied in die landbousektor befondsing aan klein ondernemings via die Ondersteuningskema vir Agroverwerking, wat ontwerp is om beleggings in nuwe en bestaande agroverwerkingsprojekte te verhoog.

www.thedti.gov.za.

Vroue kan ook hulp by die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling se Ilima/Letsema-program en die Omvattende Ondersteuningsprogram vir Landbou, verkry. www.daff.gov.za.



Vervaardiging

Die IOK se klere-en-tekstielbesigheidseenheid bied ondersteuning aan die skeppers van huisdekoratiewe, vervaardigers van leergoedere en vervaardigers van natuurlike of sintetiese weefstowwe, terwyl sy farmaseutiese- en chemiese produkeenheid ondersteuning vir befondsing, industrie en projekontwikkeling aan ondernemings bied wat verder verwerkte chemikalieë, plastiek en farmaseutiese produkte ontwikkel. Die IOK bied ook ondersteuning aan verskeie ander nywerheidssektore: van landbou en toerisme, tot masjinerie en toerusting. www.idc.co.za.



Onderwys en NWO's

Die Nasionale Ontwikkelingsfonds (NOF) kan diegene help wat 'n vroeë-kinderontwikkelingsentrum wil stig en registreer. www.nda.org.za.

Ilifa Labantwana is 'n Suid-Afrikaanse vroeë-kinderontwikkelingsprogram wat in 2009 van stapel gestuur is. Sy Bhalisa Inkulisa-program help met die stroombelyning van registrasie van gedeeltelike sorg vir VKO-sentrums www.ilifalabantwana.co.za.

Die NOA help ook organisasies om formele strukture of entiteite te word, die inligting te versamel wat hulle benodig om as 'n NWO of koöperasie te registreer, registrasievorms te voltooi en in te handig en hulle behoeftes behoorlik na te gaan om te verseker dat hulle die registrasiewet waaronder hulle geregistreer het, nakom. www.nda.org.za.



Skakel die volgende nommers as jy meer inligting benodig oor hoe om 'n onderneming te begin:

Seda- 012 441 1000 | CIPC- 086 100 2472 | Sefa- 012 748 9600 | IDC- 011 269 3000
NEFCORP- 011 305 8000 | NYDA- 012 322 1375 | DAFF- 012 319 6000
NDA- 011 018 5500 | Ilifa Labantwana- 021 670 9848